

**12 Oktober**

**Psalm 145; HK Sondag 50**

***Bid daagliks vir bestemde deel***

In hierdie bede vra ons om versorging. Ons is diep afhanklik van God. Deur die sondeval is die aarde vervloek. Die mens moes deur harde werk 'n bestaan daaruit probeer maak. Uit die aarde alleen kan ons dus niks verwag vir ons lewensonderhoud nie. Self kan ons niks daaraan doen nie, want ons ly ook onder hierdie vloek. Daarom hierdie bede tot ons Vader. Hy is die Bron van alle seëninge. Dawid besing God se Koningskap. Hy is diep onder die indruk van die HERE se almag en heerlikheid, maar ook van sy genade en barmhartigheid. God openbaar sy Koningskap juis daarin dat Hy in sy groot genade neerbuig na die mens en die vervloekte aarde en hulle versorg. As groot Huisvader van wie alle goeie gawes en volmaakte geskenke neerdaal, sorg Hy vir almal se brood.

Hierdie bede is dus ook 'n belydenis van kinderlike vertrou. Wie sê: Gee! Sê ook: Ek wil nie vertrou op my salaris of pensioen nie. My toekoms hang nie af van my vermoë of kennis nie. Wie sê: Gee! roep ook: O God, van U is alles afhanklik, ook my kleine lewe. En dit gaan om die daaglikse brood, nie in oorbesorgdheid oor more nie. In Christus kry ons die Vader se diepste sorg - na liggaam en siel. Deur die Heilige Gees word ons toegerus met innerlike krag om elke dag op Hom te vertrou vir alles wat ons nodig het. Wag op die Here en Hy sal u spys gee op die regte tyd.

Sing: Psalm: 145:8, 9, 10 Ds. T.C. de Klerk (Potchefstroom-Suid)